

## **SARS neem verdere stap jeens verbetering van integriteit van handel- en reisigerfasilitering as deel van implementering van slim grense**

**Tshwane, 20 Oktober 2022** - Reisigers word wetlik vereis om bepaalde verklarings van goedere en kontant af te lê met binnekoms of vertrek van Suid-Afrika. Die verklaringproses is in lyn met gebruike regoor die wêreld en ter nakoming van die bepaling in die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964, wat dit verpligtend maak vir enige persoon, wat die Republiek verlaat of binnekom, om enige goedere in hul besit te verklaar. Volledige besonderhede van verbode en beperkte goedere is beskikbaar op die SARS-webtuiste ([www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za)), en reisigers word herinner dat dit hulle verantwoordelikheid is om na te kom.

Versuim om 'n behoorlike verklaring te maak, soos vereis deur die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, is 'n oortreding wat mag lei tot die terughouding en verbeuring van die goedere en vergeselde goedere wat nie verklaar is nie, die heffing van 'n administratiewe boete en/of kriminele vervolging, afhangende van die ernstigheid van die oortreding.

Ingevolge die strategiese oogmerk van vrywillige nakoming, verskaf die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) helderheid oor die wetlike verpligtinge van individue, en maak dit ook maklik om sodanige verpligtinge na te kom. Terselfdertyd, het SARS sy vermoë verbeter om nienakoming na te spoor en daarop te reageer.

SARS sal in November 2022 'n toetslopie loods van die implementering van 'n elektroniese aanlyn portaal vir reisigers om verklarings te maak op 'n vrywillige basis, lank voor hul vertrek of binnekoms van Suid-Afrika. Hierdie toetslopie sal aanvanklik by die King Shaka Internasionale Lughawe ingestel word. Die nuwe stelsel sal reisigers in staat stel om goedere wat aangekoop, ontvang of andersins bekom is, vooraf te verklaar. Vir reisigers wat verkies om nie die aanlynportaal op hul mobiele toestelle te gebruik nie, sal SARS 'n papiervorm beskikbaar stel, asook selfdienstoonbanke by ons terminale. 'n Aantal van ons doeane-beamptes sal ook handtoestelle hê om reisigers mee te help en deurgang te fasiliteer. Reisigers sal toegelaat word om steeds die reisigerskaart te gebruik, indien hul dit sou verkies.

SARS is van die opinie dat die proses van vooraf-verklaring dit vir reisigers sal moontlik maak om vinnige en moeitelose beweging te ervaar met aankoms of vertrek.

Die Suid-Afrikaanse reisigersbestuurstelsel is deel van die breër doeanemoderniseringsprogram wat poog om sover as moontlik "vooraf-klaring" aan reisigers te verskaf en deurgang deur ons hawens te fasiliteer. SARS poog om "slim grense" te skep deur die gebruik van data en tegnologie om 'n moeitelose ondervinding te skep vir regmatige handelaars en reisigers by ons hawens van binnekoms, en terselfdertyd sy nasporingsvermoë te verskerp om teen enige risiko's op te tree.

'n Aantal ingrypings word beplan om ons uitkyk te realiseer wat insluit:

- Samewerking met belanghebbendes soos lugrederye, om toegang te hê tot addisionele bronne van passasiersdata om sodoende ons risiko-profilering te verskerp.
- Ontplooïing van tegnologiese hulpmiddels, soos moderne skanderingstoerusting, om die bestuur en monitering van handel en reis deur ons grense te outomatiseer.
- Implementering van hulpmiddels soos die 'enkel venster' wat, aan die een kant, by staatsdepartemente gebruik kan word om die indiening van vereiste verklarings te vereenvoudig en, aan die ander kant, ook die uitruil van inligting tussen regeringsagentskappe verskerp om handel- en reiskostes te verminder.
- Verskerping van samewerking met ander lande om die outomatiese uitruil van inligting moontlik te maak, om die integriteit van blootleggings te ondersteun wat vinniger regmatige beweging tot gevolg het.

Hierdie nuwe stelsel, wat 'n verbetering is op die huidige ongerekenariseerde voltooiing van reisigerverklaringsvorme, sal dit vir reisigers maklik maak om hul wetlike verpligtinge na te kom. Ingevolge SARS se strategiese oogmerke, verskaf die nuwe stelsel 'n aantal voordele in dat dit helderheid aan reisigers verskaf oor hulle verpligtinge en dat dit dit vir hulle maklik maak om sodanige verpligtinge na te kom. Wanneer die stelsel ten volle geïmplementeer is, sal dit van voor-aankomsdata gebruik maak om 'n effektiewe risikobestuursbenadering te verskerp, 'n geoutomatiseerde aankomsproses bekend stel wat 'n "groenbaan"-ondervinding bied aan nakomende reisigers, terwyl dit, op 'n latere stadium, die moeitelose aanlynbetaling van toepaslike heffings moontlik sal maak. Die outomatisering van die

proses het ook 'n bykomende voordeel met die hantering van reisigersinligting op 'n veiliger manier.

SARS verstaan die belangrikheid van die fasilitering van beweging van regmatige reisigers ter ondersteuning van toerisme en bydra tot ons ekonomie, onderwyl die nodige beheersmaatreëls in plek gestel moet word om enige onwettige beweging van goedere en geldeenheid na te spoor.

Suid-Afrika, soos ander lande regoor die wêreld, het 'n verantwoordelikheid om regmatige handeldryf en reis te fasiliteer ingevolge internasionale standaarde, deur die gebruik van risikobestuur om die toenemende aantal handelaars en reisigers te beheer.

Die nuwe aanlyn reisigerverklaringstelsel sal tydens die toetsfase verfyn word gebaseer op insigte ingewin, asook verdere skakeling met en terugvoer van verskeie staatsdepartemente en ander belanghebbendes. Progressiewe implementering oor alle Suid-Afrikaanse hawens van binnekoms, sal op 1 April 2023 begin.

Volgens wet, moet Doeane 'n doeane- en aksynsdiens bied wat regmatige handel en reis fasiliteer, asook ons ekonomie en samelewing beskerm. Hierdie mandaat word uitgevoer as deel van die hele-regering-benadering. Voorspruitend uit hierdie mandaat, is dit ook die verantwoordelikheid van Doeane om finansiële strome deur ons hawens van binnekoms te monitor, om na te spoor en dit duur te maak vir diegene wat betrokke is by onwettige finansiële strome en om die land se wette en regulasies af te dwing. Reisigers wat nie vooraf-verklarings ingedien het nie, sal steeds toegelaat word om die land binne te kom of te verlaat, maar hulle word aangeraai om vrywilliglik voor vertrek of aankoms te verklaar om die ongerief van verklarings by hawens van binnekoms te vermy. SARS sal, te goeder trou, ag dat reisigers wat verkies om nie 'n verklaring te voltooi nie, niks het om te verklaar nie. Reisigers word egter daaraan herinner dat hulle 'n risiko loop sou hulle gestop en deursoek word deur 'n doeane-beampte en dit word gevind dat hulle eintlik 'n verklaring moes aflê.

SARS sal volhou om met en deur belanghebbendes te werk om die belasting- en doeane-ekosisteem te verbeter. SARS het begin en sal volhard met skakelings met toepaslike belanghebbendes om enige uitdagings of bekommernisse aan te spreek. SARS heg waarde aan hierdie skakelings as 'n geleentheid om met ons belanghebbendes in vennootskap te staan om 'n moeitelose grensondervinding te

skep vir alle regmatige reisigers wat Suid-Afrika binnekom of verlaat. Verdere konsultasies en skakeling met alle belanghebbendes sal voortgaan, selfs al is implementering reeds aan die gang.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het sy vertroue uitgespreek dat hierdie benadering, soos met ander lande waar dit geïmplementeer is, soos die Verenigde State, Nieu-Seeland en Australië, waar reisigers vereis word om verklarings af te lê met binnekoms, sal help om die integriteit van die plaaslike ekonomie in stand te hou, asook bydra tot die integriteit van die land se finansiële stelsel. Hy het gesê: "Alle goedere wat die land binne gebring word of uit die land geneem word moet aan ons wette voldoen en behoorlik mee rekening gehou word". Dit bly die verantwoordelikheid van die reisiger of bedryfsentiteit.

Vir meer inligting, kontak [SARSmedia@sars.gov.za](mailto:SARSmedia@sars.gov.za).